Son 15 Nov (Lied 453:1) Aan U, o Vader, ons dank en eer. Saam wil ons U lof besing, U het al ons skuld vergewe; daarom bring ons hulde aan U. U is genadig en almagtig, barmhartig en groot. U onderhou die werke van U hande. U het ons lief en het ons aangeneem as U kinders. Vir soveel onverdiende seën wil ons U loof en wil ons aan U al die eer gee.	V	**Son 22 Nov(Lied 453:2, Open 5:9-14)** O Christus, Lam van God, ons aanbid U want U is dit waardig. U het ons kom leer wat liefde is. Ons wil so graag U voorbeeld navolg en die gebod van die liefde gehoorsaam. Soos die Vader U gestuur het, stuur U ons ook uit om dissipels te maak en te getuig sodat die hele skepping voor U sal buig. U moet al die eer, die heerlikheid en die lof ontvang.	V	**Son 29 Nov(Lied 453:3)** Heilige Gees, ons bring aan U ons danklied. Baie dankie dat U die geloof in ons harte bewerkstellig het. Dankie dat U ons leer om te bid en dat U ons in die waarheid lei. Ons gee onsself aan U sodat U ons voluit sal besit. Lei ons om die Vader te eer en om te doen wat Jesus vra. Ons loof U en eer U vir onverdiende seën
Ma 16 Nov(Jer 32:27) God van die ganse mensdom, daar is so 'n groot behoefte aan evangelisasie in Indië, met die miljoene mense wat U nog nie ken nie. Die nood is so groot! Ons roep U Naam aan vir Hulle want niks is vir U onmoontlik nie. Openbaar Uself asseblief aan hulle en keer die omstandighede om waar armoede, verslawende middels, kinderarbeid, slawerny, prostitusie en onwettige praktyke mense se lewens ruïneer.	O	**Ma 23 Nov(Eseg 11:19-20)** God van die nasies, seën asb die sendingwerk wat in Thailand gedoen word sodat U koninkryk daar uitgebrei en gevestig sal word. Ons bid vir die sendelinge daar se veiligheid en gesondheid, ook vir hul gesinne. Laat baie jong mans wat by die priesterskap van Boeddhisme aansluit, in hul soeke na spiritualiteit vir Jesus as Verlosser sal ontmoet. Maak Thailanders se gemoed oop vir die Bybelse waarhede.	O	**Ma 30 Nov(2Kor 12:9)** Here Jesus, U het gekom om mense vry te maak en ons dank U daarvoor. Kompulsiewe dobbelary ruïneer mense se lewens asook die van hul gesinne. Ons bid dat dobbelaars wat daaraan verslaaf geraak het sal erken en sal besef dat hul 'n probleem het en hulp nodig het. Stuur asb arbeiders om hierdie mense na U toe te begelei en bevry hulle asb
Di 17 Nov(Rom 8:26-28, Joh 2:24-25) Heilige Gees, dankie dat U self ons gebedsbehoeftes voor God opneem en vir ons intree. En Here Jesus, dankie dat U ook steeds vir ons by die Vader pleit. U ken die mens deur en deur - ons swakhede en ons behoeftes. Leer ons ook hoe om te bid, sodat ons gebede in harmonie met God se wil sal wees. Dankie dat U voorsien in al ons behoeftes.	L	**Di 24 Nov(Ps 112:7-8** Ons Bewaarder, dankie dat ons U kan aanroep as ons onveilig voel en U berskerming nodig het. Ons bid vir orde en vrede in ons land. Ons dra almal aan U troue sorg op wat vir vrede werk sodat ons rustig kan lewe. Bewaar almal wat by die weermag, die polisie, sekuriteitsdienste of ander instansies werk wat hulle beywer om misdaad te bekamp. Ons dink aan hul geliefdes wat dikwels bekommerd oor hul is. Beskerm ons almal, asb	L	**Di 1 Des(Rom 12:9-21)** Here Jesus in U vind ons alles wat ons nodig het vir hierdie dag - U is ons Krag, ons Trooster, ons Beskermer, ons Hoop, ons Leidsman. Ons bely ons afhanklikheid van U. Help ons om die regte besluite te neem, om 'n positiewe gesindheid te openbaar, om geleenthede te benut, om verantwoordelik en regverdig te wees. Help ons om ander se belange in ag te neem en om almal met respek te behandel.
Woe 18 Nov(Ps 50:14, Matt 21:16) Here, herinner ons gedurig daaraan om U te loof, want dit is die offer wat U behaag. Laat ons besef dat alles wat U doen, lei tot die eer van U Naam. U sorg daarvoor dat selfs die kinders U lof besing. Vestig ons aandag op U grootheid en heerlikheid sodat ons in verwondering oor U sal wees. Laat ons elke oggend met 'n loflied en met vreugde wakker word	H	**Wo. 25 Nov(Deut 8:10-20)** Here, weerhou ons tog daarvan om hoogmoedig te word as dit met ons voorspoedig gaan. Laat ons besef dat dit U is wat ons die krag, die wysheid, die vaardigheid en die kennis gee om vooruit te gaan. Laat ons altyd aan U die erkenning en die eer gee wat U toekom. Laat ons U altyd dank wanneer ons genoeg geëet het, want dit is U wat voorsien	H	**Wo 2 Des(Gal 5:16, Ef 4:17-5:10)** Heilige Gees, ek vra dat U my lewe sal beheer en dat ek my deur U sal laat lei. Vader, vergewe my die foute en slegte gewoontes wat dit vir ander moeilik maak om met my saam te leef. Help my om ander se gevoelens te respekteer en om nie oorsensitief te wees oor myself nie. Skenk aan my die gawe van betroubaarheid, vriendelikheid, dankbaarheid, nederigheid en vrygewigheid. Laat my gesprekke positief en opbouend wees.
Do 19 Nov(Hebr 12:6, Deut 8:5) Baie dankie, Vader, dat U 'n pad met U kinders loop. Baie dankie dat U ons nie maar net los as ons afdwaal en sondig, of as ons lou word nie. Soms laat U dinge oor ons pad kom wat nie vir ons lekker is nie, maar dis vir ons eie beswil. U bring ons altyd weer terug na U toe. Dankie dat U ons dissiplineer soos wat 'n goeie pa dissipline by sy kind kweek.	A	**Do. 26 Nov(Dan3:30)** God wat getrou is, die verhaal van Sadrag, Mesag en Abednego, laat ons opnuut besef hoe wonderlik U is. Dit help ons ook om op U te vertrou wanneer ons in slegte omstandighede beland. Ons verstaan nie altyd as daar krisis is nie, tog weet ons dat U saam met ons in ons nood is. Help ons om altyd aan U getrou te bly en vir U te getuig. En dankie dat ons weet dat U ons weer sal seën.	A	**Do 3 Des(Spr 16:2-3)** Here, waar die aksies en bedrywighede in ons gemeente nou tot ruste kom, dank ons U dat U ons so geseën het deur die jaar. Dankie vir gewillige hande en vir samewerking. Berei ons asb in hierdie rustyd voor dat ons die nuwe jaar met ywer sal aanpak, dat ons met vreugde sal werk, dat ons sal volhard in gebed, dat ons geduldig en liefdevol sal wees en maak ons bereid om op te offer.
Vry 20 Nov(Jes 55:11) Here, baie dankie vir kategete wat hierdie jaar getrou was in die voorbereiding en aanbieding van die klasse. Dankie dat U mense self bekwaam maak en gebruik ten spyte van menslike tekortkominge. Dankie dat U self die goeie werk in kinders se harte voorsit. Dankie dat U die kinders self ook onderrig en lei en dat U woorde nie onverrigter sake na U toe terugkeer nie, maar doen wat U wil he dat dit moet doen.	R	**Vry 27 Nov(Ps 66:6-14)** Grote God, seën asb elke leerling wat vanjaar klaar maak met skool. So baie matrieks wat nou die wêreld ingaan om werk te soek, kry nie werk nie of het nie geld om verder te gaan studeer nie. Ons land benodig gegradueerdes met kundigheid op sekere terreine en ons vra dat studente die middele sal vind om hul studies te voltooi. Ons bid vir werksgeleenthede en dat jongmense nie moed sal verloor nie. Ons plaas ons vertroue in U	R	**Vry 4 Des(Spr 22:6)** Leermeester, leer ons as ouers asb om ons kinders met wysheid groot te maak, om hulle die regte waardes en prioriteite aan te leer, om hulle nie prestasiegedrewe op te voed nie sodat hulle nie onder die druk om perfek te wees, sal swig nie. Laat ons die kinders se lewenskwalitieit verhoog deur saam met hulle te speel, te lag, te lees en te gesels.
Sat 20 Nov(Rom 8:1-17) Drie-enige God, berei asb ons gemeente voor om met die regte gesindheid die Nagmaal te gebruik. Laat ons onsself verootmoedig om voor U te verskyn en deel te hê aan die sterwe en opstanding van ons Here Jesus Christus. Baie dankie dat U al ons sondes vergewe het en dat U nooit weer daaraan dink nie. Dankie vir die nuwe lewe in Christus. Ons loof U daarvoor.	D	**Sat 28 Nov(Gal 6:9)** Here, gee asb aan ons leraars leiding wanneer hulle voorbereiding doen om die blye boodskap te verkondig. Gee aan hulle die vermoë om fyn te onderskei en ook goddelike wysheid in elke situasie. Help hulle om met liefde, begrip en vergifnis enige misverstand of teenkanting te hanteer. Laat hulle nooit moedeloos word of verslap in hul toewyding nie. Dankie Here.	D	**Sat 5 Des(Jes52:7)** Drie-enige God, ons bid vir al die leiers van U kerk. Gee dat U dienaars ferm en beslis sal staan vir die waarheid van U Woord. Laat hulle volhard om die goeie saad te saai sonder om onmiddellike resultate te verwag, maar in geloof die res aan U toe te vertrou. Help hulle om geduldig en lankmoedig te wees. Laat hulle nooit in eie krag probeer om hul roeping uit te leef nie.